

**23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 13:22-35**  
**Fokusgedeelte: Lukas 13:23,24**

### **Die nou poort**

Ons glo almal dat daar 'n lewe ná die dood is ... 'n saligheid waarheen ons elkeen genadiglik op pad is. Op 'n dag het iemand aan Jesus gevra: "Here, is dié wat gered word, maar min?" Die Bybel sê mos: "Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min (Matt 7:13); en: "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here', sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie..." (Matt 7:21); en "Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom" (Matt 19:24). Natúúrlik sal elke gelowige daarom 'n bange worsteling uit 'n bekommerde hart ervaar: "Here, is dié wat gered word, maar min?" Dan antwoord Jesus hom: "Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan". Span jou in, is die antwoord. Letterlik staan daar: "stry hard". Dit is die antwoord vir 'n bekommerde hart. Christus sê letterlik dat ons moet volhard en nié moedeloos word nie, want die pad agter die Here aan is smal en voor ons is 'n nou poort. Hierdie smal pad wat die kind van God bewandel, loop oor hoogtes en steiltes, deur rotsgehare heen en selfs verby die doodskaduwee. Heerlik straal egter uit Jesus se antwoord dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is. Christus is die deur na die hemel. Hy is die lewe ná die dood! Mét Christus kan ons 'n bende stormloop en elke sware stryd stry. Hy gee krag en genade vir ons elkeen om deur hierdie smal deur in te gaan. Gló dit en gaan leef voluit vir en deur Christus!

Sing: Psalm 73:10

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)